

18 Mei

Galasiërs 5:1-26, (Teks: 5:6, 18)

Beheers deur Gods Gees

Ons kyk soms met jaloesie na die getrouheid en entoesiasme van geloofsgroepe met 'n wettiese grondslag. Die vraag in ons gemoed is dan: Maak ons nie miskien die verlossing van God deur Jesus goedkoop as ons nie ons verbintenis met Christus hoef te bewys of te verdien nie? Tog leer Paulus telkemale dat ons nie meer onder die wet van Moses is nie (vers 8. Vgl. ook Rom. 6:14) en indien ons deur wette vrygespreek wil wees, ons die genade van God verbeur (vers 4).

Dit beteken egter nie dat ons 'n vrypas ontvang het om te sondig nie. "Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde" (vers 13). Paulus sê dan ook: "die wet is heilig en sy voorskrifte is heilig en reg en goed" (Rom. 7:12). Die wet het dus nie opgehou om die wil van God te wees nie. Ons sondige natuur word steeds deur die wet ontbloot. Die wet getuig dan eintlik ook dat die mens 'n verlosser nodig het om ons te verlos van die sondes soos in verse 19-21 deur die wet ontbloot word. Maar wanneer ons sondige natuur deur die Gees beheers word verander ons werke. Ja, dan is liefde, vreugde, vrede, nederigheid en selfbeheersing die uitvloeisel van die bekeerde mens (vers 22). Paulus sê ook dat die wet sulke dinge nie verbied nie (vers 23). Christus maak ons vry en die Gees rus ons toe om kinders van God te kan wees. Daarom: "Laat julle lewe deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie" (vers 16). Die mens beheers deur die Gees, doen dan reeds die wil van God en is dit nie vir hom nodig om na wette te vra om sy verlossing te bewys nie.

Sing: Skrifberyming 20:1,5,8

Ds. R.P. van Wyk (Grassy Park)